wat ek reken wat hierdie ding veroorsaak het - ek sou  
graag wou byvoeg dat die mense wat in Mbekweni is, die  
mense wat van sy Kosa-land afkomstig is, die Kosa mense  
is nie mense wat van sulke moeilikheid hou nie. Maar ek  
kan nou sien, daar is iets wat hulle gemaak het dat dinge  
sê ver gegaan het.

Wat is die iets, sê jy? --- Ek dink toe die mense  
arresteer is en beboot is. Verder, dat toe die mense daar  
na die Hof gegaan het en getuënis afgelê het dat hulle wel  
die passe gekoop het. Die landdros het gesê in sy uit-  
spraak, toe hy die mense onskuldig bevind het, "dit was  
nie die mense wat in julle sake ingegaan het nie, dit  
was julle self". Na die mense teruggekom het van die  
Hof, was party van daardie mense wat getuënis afgelê het,  
weggejaag.

Deur wie? --- Die Munisipaliteit. Hulle is uit  
die plekke uitgejaag.

Rusapela? --- Ek dink dit was een van die redes  
wat die Fege versterk het.

Wat is die ander redes? --- Ook die Munisipaliteit  
se polisie - die behandeling deur daardie Polisie was baie  
sleg want as hulle jou kry toe drink in die kassies, word  
ly gearresteer en daar was in die kassies, word  
*die naam van*  
*en daar was in die kassies*



As hy jou net daar in die kamer arresteer, as julle net van die kamer weggaan, vra hy vir jou die eerste ding, "Het jy £2?" Nou, die inwoners het gewet dit is die wet. As jy gaan gekry word, of jy drink tee of jy eet in die huis, dit is £2. Dit was ook een van die redes wat hierdie ding versterk het.

Wie het die £2 gekry? --- Die £2 was betaal aan die inspekteur. Hy het 'n kantoor van sy eie gehad in daardie selfde gebou.

Het jy 'n "receipt" gekry vir die £2? --- Ja, hy het 'n kwitansie uitgemaak maar partymaal het hy gesê "Jy moet die kwitansie by die Polisie-stasie gaan kry." Maar as jy nou daardie kwitansie lees, dit is nie geskrywe dat jy gearresteer is omdat jy tee gedrink het of geëet het in die kamer nie maar dit is geskryf, jy het die wet van die Munisipaliteit gebreek - dis al.

Jy het geneem hier, die mense het passe gekoop. Weet jy self daarvan? --- Ek persoonlik weet nie van passe koop nie maar ek het mense gesien wat passe gekoop het.

Wat betaal hulle daarvoor? --- Ek gaan nou praat van twee persone wat ek persoonlik geneem het na 'n perseon wat hulle geneem het die "runner". Die twee persone wat ek geneem het, het elk £12 betaal aan die "runner".

Dit was nou vir "skelm" passe? --- Ja. Permitte om werk te soek.

Die geld het nie gegaan na die kantoor nie. Die mense vat dit vir hulleself? --- Hee, ek weet nie. Ek praat nou van iets wat ek persoonlik gedoen het. Ek het vir hierdie "runner" die twee bewysboeke van hierdie mense gegee, tesame met die geld. Nadat ek vir hom die geld gegee het en die bewysboeke, het hy aan hierdie mense



gesê, "Mêre moet julle opstaan en gaan staan tussen die ander mense daar by die kantoor en luister as julle name uitgeroep word".

En dan? --- Dit is wel waar, die mense het die volgende dag na die kantoor gegaan en hulle het permitte gekry om werk te soek. Die "runner" het niks weggesteek nie. Ons persone wat hom geken het, het gemaak asof hy enigiets, soos aartappels verkoop. Hy het dit so openlik gedoen. Dit is my kennis.

Het jy ooit vir die Municipale Polisie gesien dat hulle die inwoners van daardie lokasie slaan, of so? --- Op watter tydstip?

Enige tydstip - so met hulle klopjagte en so aan, dat hulle mense in die nag daar gaan uithaal? ---Nee, ek het nie self gesien dat hulle die mense aanrand nie maar ek het gesien dat hulle die mense wakker maak.

VERHOOR HERVAT: Jy het vir ons vertel van die koop van passe. Sal jy net vir sy Edele verduidelik hoe dit werk as 'n man, sê maar van die Transkei af kom na Mbebeni en hy het nie 'n permit nie - hoe kry hy dit reg om 'n permit te kry? Wat gebeur met hom? --- Mense wat hier gekom het van ander plekke en nie die reg gehad het om hier te wees nie, die dinge was sê sleg vir hierdie mense want hulle het weggehardloop van die Polisie en daar in die bos gebly. Soans kom die mense terug, nadat die mense van die kantoor af diens is. Dit het so aangegaan totdat daar 'n kontrak was. You can go under contract to get a pass. Die mans wat daardie werk gedoen het, was hierdie teejong, Klaas. Dit was sy werk om hierdie werksmense te kry, vir die kontrak.



gewees? Om te gaan werk? ---Ja. Om te werk en dan kan jy 'n pas kry.

Maar gaan werk jy? ---By die superintendent se plaas.

Hoe lank moet jy werk? --- Twee na drie weke.

Dan kry jy jou permit? --- Dit is korrek. Na jou kontrak verstryk is, dan kom jy terug, dan kry al daardie mense peralitte.

Moet jy werk vir die Munisipaliteit of vir die superintendent persoonlik? --- Vir die superintendent, want hulle het gewerk op sy plaas.

Maar ek verstaan die plaas behoort aan die Munisipaliteit? --- Bedoel u die een in die Onder Pôrel?

Ja. Ek is nie seker nie. Ek het maar so verstaan?  
--- Dan weet ek nie.

Jy het self vir hom gewerk - wat jou betref, die mense het vir hom self gaan werk en nie vir die Munisipaliteit nie? --- Hulle het vir hom self gewerk, nie vir die Munisipaliteit nie.

VERHOOR HERVAT: Is dit nou iets wat almal in Mbekweni van gewest het? ---Ja. Al die inwoners van Mbekweni het daarvan gewest, en gewest dit is die enigste manier om mense wat ingekom het, wat 'n nuwe persoon is, te help.

Hoe lank moet jy werk? --- Twee na drie weke.

Dan kry jy jou peralitte? --- Dit is korrek. Dit het ook gebeur, partymaal word daar ander mense geneem. So by voorbeeld daar was baie bessies in die lokaasie, dan word ander mense aangeneem en aan hulle word gees "All right, ons neem julle aan onder kontrak om hierdie bessies skoem te maak". Daardie mense wat daardie tipe werk gedoen het, was outrent 'n week of twee weke - ek het gedink of geglo daardie mense werk vir die Munisipaliteit.



DIE KOMMISSARIS: Het hulle geld gekry? --- Hulle het geld gekry.

En die sence wat op die Superintendent se plaas gewerk het, het hulle nie geld gekry nie? --- Ek het nooit gesien dat hulle geld gekry het nie want party van daardie sence wat by sy plaas gewerk het, is die sence wat kom van dieselfde plek waarvandaan ek kom.

Dan het hulle gaan werk, en dan kry hulle permitte? --- Ja. Ek het hulle ook gevra. Hulle het vir my gesê hulle kry geen lene daarvoor nie.

Hulle kry niks geld nie - hulle werk en 'n permit te kry? --- Ja. Hulle beloning was, na die kontrak kry hulle 'n permit om werk te soek.

En jy sê al die sence in die lekasie het gewoet die dinge gaan daar aan? --- Ek sê ja, die sence het daarvan gewoet want dit het die sence gehelp.

As jy iemand nuut wil inbring, dan help jy hom so, dat hy sy permit kry? As jy van jou familie daar 'n permit wil laat kry, help jy hom - jy gee hom óf geld of jy laat hom gaan werk by die Superintendent se plaas. Is dit wat jy sê? --- Ek het altyd hierdie raad aan my eie sence gegee: "Kyk, gaan sien julle vir Klaas, die tee-  
van  
jong en plaasheer en die pas te koop dan gaan werk julle liewers, dan kan julle 'n permit kry sonder dat julle daarvoor betaal het".

En het dit dan so uitgekom? --- Ja, dit het altyd so gegaan maar partymaal kon hulle nie regkom nie want dit is gesê daar is baie sence, hulle het nie nodig nie. Dit is vol.

En moet hulle dan geld gee? --- Ja.

Ek wil nou oor iets anders praat. Toe die sence



les gekom het van die Municipaliteit, wat het die mense in die lokasie daarvan gesê? --- Die mense was ontevrede.

Het hulle gedink daar is iets verkeerd - daar is verneukery of so-iets? --- Ja, hulle het gesê die landdros wat hierdie saak gehad het - daar was verneukery aan sy kant.

En die getuies wat daar was, was hulle almal daar of het hulle weggeraak? --- Nadat die mense getuienis afgelê het en die saak afgehandel is, is die mense weer terug. Maar dit het aangegaan. As 'n man sy werk verloor, dan word hy uitgejaag uit die plek.

Voordat die saak afgekom het, het daar van die mense weggeraak? --- Ja. Daar was hierdie "pumpole" voor die verhoor.

Van die getuies wat getuienis moes gee by die verhoor, het hulle weggeraak voor die verhoor? --- Ek weet nie.

Wet jy of van die mense gedreig was, as hulle getuienis gaan gee dat hulle in die moeilikheid sal kom? --- Ek persoonlik dra geen kennis daarvan nie maar ek het gehoor mense sê so.

Wet jy of daar miskien vergaderings gehou was by die biersaal of by sulke plekke, dat aan mense vertel is hulle moet nie getuienis gaan gee nie? --- Ja, daar was so'n ding dat as hulle getuienis kan aflê, sal hulle uitgesit word uit die plek.

Was dit voor die saak afgekom het? --- Ja. Dit was voor die verhoor van die saak self. Dit was op die tydstip toe hulle nog besig was met die ondersoek.

Wet jy wie dit sou gesê het? --- Nee, ek weet nie wie dit sou gesê het nie. Dit is iets wat ek gehoor het van die mense.



VERHOOR HERVAT: Jy het gesê van die Bantoes wat ingekom het, wat in die bus moes sit en weg van die Polisie te bly - is dit omdat hulle onwettig ingekom het? Hulle het nie permitte gehad om Fôrel-tee te kom nie. Is dit die rede? --- Ja.

Is dit dieselfde mense, volgens jy weet, wat op die superintendent se plaas gewerk het? --- Ja. Dit was voor hulle hierdie kontrakwerk gedoen het. Tee was hulle nog in die bus.

Jy het vir ons vertel van die Munisipale Polisie wat in die nag gekom het en passe te vra, en so aan. Volgens wat jy gehoor het, was daar van die blankes by? Die Munisipale Polisie is Bantoe-polisie. Toe hulle in die nag gegaan het na die enkelkwartiere, was blankes van die personeel by? --- Ja.

Kan jy vir ons die name neem, miskien, van die blanke Munisipale mense wat daar saam met die polisie was? --- Daar was net twee blanke polisie en hulle word genoem inspekteurs. Daar was net twee Munisipaliteits- blanke konstabels en hulle word genoem inspekteurs. As hulle vir die mense aangehou het, dit was nie net die Polisie alleen nie. Daar was ook die klerke en ander lede van daardie kantoor. Die superintendent self het deelgeneem daaraan.

Het jy ooit gehoor, toe hulle daar gegaan het, die Polisie, dat hulle mense geslaan het met kleries of enigsinse aangerand het? --- Ja, ek het mense gehoor wat daar gebly het by die enkelkwartiere, wat sê hulle word aangerand. Dit is wat ek gehoor het.

Was dit dat die aanrandings plaasgevind het in die teenwoordigheid van die blankes - klerke en die superin-



tendent? --- Ek het dit self gesien. Ek was by my huis. Ek het deur die venster gekyk en ek het gesien die mense by "A" was aangerand, en die mense het terug geslaan en gegee met die klippe. Die Munisipaliteits-vangwaens het daar verbygery en op gegaan.

Is dit nou in die nag? ---Ja, dit was in die nag. Die vangwaens het daar verbygery nadat ek skote gehoor het daar onder by die enkelkwartiere maar daardie skote het niemand getref nie. Ek het ook gehoor op daardie betrokke dag, die superintendent was self daar gewees.

- DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR -  
NIDDAGETE.

DIE KOMMISSIE HERVAT OM 2.15 n.e.1

WILSON SONYONE, nog onder eed:

VERHOOR DEUR MR. KING HERVAT: Sal jy ons vertel van die besoekerspermitte? --- Ja, daar is nou 'n besoekerspermit. Dit is 'n nuwe ding. Voor daar hierdie permit was, as 'n persoon vir jou kom kuier, het jy self gegaan en 'n permit vir hom gevra. Daar was permitte op daardie manier. Die permitte kon 'n persoon kry by die kantoor.

Sal jy vir ons vertel van 'n geleentheid toe 'n inspekteur vir iemand te Langabuya gevra het om sy permit te sien? --- Dit was op 'n Sondag gewees, in die nasiddag. Op hierdie Sondagmiddag was ons almal by die skool. Ons skoolgebou is in Langabuya. Op hierdie Sondag toe ons daar almal gewees het, het ek gehoor die inspekteur was daar gewees en hy was daar om permitte te soek by 'n sekere man met die naam van Vuyisile. Ek ken hom by die naam van Vuyisile. Die persoon, Vuyisile het



weggehardloop en die inspekteur het hom agternagesit en hom gejaag.

Wie was die inspekteur? --- Dit was Breuissen. Hy het hom gejaag van die lokasie tot by die oop veld waar die lokasiegebou nou staan - die kantoor van die lokasie. Daar het toe moeilikheid ontstaan tussen hulle twee en hulle het toe daar begin baklei. Daar was baie mense wat gehardloop het na hierdie oop stuk veld waar die bakleiery plaangevind het, maar ek persoonlik het nie soveel gegaan nie. Het hierdie bakleiery het die Bantoes hierdie betrokke die oop "van" wat aan die Munisipaliteit behoort het, aan die brand gesteek, net onderkant die Langabuya lokasie. Wat veroorsaak het dat hierdie "van" aan die brand gesteek was, was deur hierdie permit en dit was op 'n Sondag gewees. Hierdie persoon is 'n persoon wat in Huguenot gebly het. Hy het nie in die Kaap gebly nie.

Jy het gesê die Munisipale waentjie/aan die brand gesteek. <sup>is</sup> Waarem is dit dat die mense daar in Langabuya so kwaad geroek het oor die besigheid? --- Van wat ek kon verstaan het, het die mense kwaad geword omdat op die Sondag toe die inspekteur vir die man gejaag het en hom vir 'n permit gevra het, wat daar nie meer peraitte uitgereik nie want die laaste dat peraitte aan die mense uitgereik was, was die Saterdag 12-uur, toe hulle van diens gegaan het. Sondag was daar geen peraitte aan die mense gegee nie.

Sal jy kan sê wanneer dit gebeur het? Watter jaar was dit gewees?

DIE KOMMISSARIS: Was die mense kwaad omdat hulle nie peraitte op Sondag kon kry nie? Is dit wat jy sê? ---



Daar was niemand in die kantoor om permitte aan die mense te gee op Sondag nie.

En vantevore ken hulle permitte op Sondag kry? ---  
Nee.

Was dit altyd die gewoonte dat jy nie permitte op Sondag ken kry nie? --- Dit is reg.

En wou die mense hê daar moes iemand op Sondag wees om permitte uit te reik? --- Dit is korrek.

VERHOOR HERVAT: Ek het vir jou gevra of jy vir ons kan sê watter jaar dit gebeur het? --- Ek is nie heeltemal seker daarvan nie. Dit kon 1950 of 1961 gewees het. Dit was in Desembermaand maar ek is nie meer seker van die jaar nie.

Kan jy miskien vir ons sê wanneer die besoek van die distrikskommandant, kol. Carstens, plaasgevind het? --- Verlede jaar.

Weet jy iets van die verskuiwery onder die enkelkwartiere van die manne daar - van die een blok na die ander? --- Ek het dit gesien toe mense verskuif was van die een blok na die ander maar ek het nie geweet wat die rede daarvoor was nie.

Is jy bewus van enige onluste of selfs bakleiery in die lokasie in die paar dae voor die onluste in die dorp, in die lokasie plaasgevind het? --- Ek het mense gesien, een groep val 'n ander groep aan in die lokasie. Op hierdie tydstip toe hulle besig was met die verskuiwing van die mense van die een blok na die ander, was daar 'n groep mense wat hulle Fonde's geneem het. Hierdie mense het toe mense aangeval - die mense wat gesê is, behoort aan die Poqe. Dit is wat ek gesien het.

DIE KOMMISSARIS: Het die Fonde's die Poqe-lede



aangeval? --- Ja.

Sê jy dat iemand die Pondo's aangehits het om dit te doen? --- Ek het vir die Pondo's gevra, "Wat gaan nou aan?" en hulle het vir my gesê hulle is die reg gegee om die mense wat aan Page behoort, te vang of arresteer. Die rede waarom ek gevra het vir hierdie mense wat aangaan, was ek was nou bang. Hulle is nou in twee groepe en hierdie twee groepe mag miskien baklei en daar sal groot moeilikheid veroorsaak word. Dit was die rede waarom ek gevra het. Maar my bedoeling was, as die Regering mense wil arresteer, moet die Regering die kwaaddoeners arresteer. Dit is my kennis daarentrent. Daar is niks verder wat ek weet estrent daardie punt nie.

VERHOOR HERVAT: Wie is hierdie Pondo's? --- Die Pondo's is mense wat saam gewerk het met die Munisipaliteit se polisie.

Hoe het hulle in die Nôrel eers gekom - weet jy miskien? --- Ek weet nie hoe hulle daar aangekom het nie. Die redes waarom hulle Pondo's genoem is, is omdat hulle van die Transkei kom.

Enige spesifieke deel van die Transkei? --- Vir my het dit voorgekom dat hierdie mense almal bymekaar. Daar is mense wat eê hulle kom van Pondoland - dit is van Uetata. Daar is mense wat afkomstig is van Kentane en daar is ook mense van deel van die land waarvan ek afkomstig is - dit is Herschel. Hulle het toe gesê daardie mense is die Pondo's.

Jy het gesê dat die Pondo's vir jou gesê het dat iemand hulle die reg gegee het om te doen wat hulle wil gedoen het. Wie, het die Pondo's gesê, het hulle die reg gegee om dié dinge te doen? --- Die Regering.



Jy het vir ons vertel van al hierdie dinge wat plaasgevind het in die Pörel. Wat dink jy moet gedoen word om te sorg dat sulke dinge nie weer gebeur nie? --- Ek is baie jammer dat dit verwag word dat ek iets moet sê daarentrent.

DIE KOMMISSARIS: Jy hoef nie te sê nie as jy nie wil nie? --- Ek wil. Dit lyk vir my daardie dinge sal nooit op 'n end kom nie, tensy die Regering en die lede van die Council dit wil hê. Dan kan hulle daardie dinge tot 'n einde bring in twee dae se tyd. Dit is net vir die Regering en die Council. As hulle sien dat dit nie goed is nie, is die enigste ding wat hulle moet doen, om daardie hek toe te maak en 'n ander hek oop te maak. Dit is die enigste middel om daardie ding reg te kry.

VERHOOR HERVAT: Wat bedoel jy daarby? --- Die enigste ding wat ek sien is dat al daardie mense wat in outoriteit is, moet weggeneem van daardie stoele wat hulle nou het.

Die mense wat nou daar is? ---Ja, en nuwe mense moet daardie posisies opneem. Die nuwe mense wat hulle sal aanneem, moet die mense roep en vergaderings roep en vir die mense sê - hulle moet sterk praat oor hierdie slegte dinge wat daar gebeur het. Die rede waarom ek sê sê, is omdat ons is Kesa's. Ons Kesa's, dit is ons gewoonte, as daar iets slegs gebeur het, vergader die mense en die mense word vertel van die slegte dinge wat gebeur het en hulle word gesê om nie weer sulke dinge te doen nie. Tussen die mense is een wat hulle gesê het is 'n malkep. As hy gesê is, word hy heeltemal reg. Hy verlaat daardie ou maniere van hom en dan loop hy in die regte pad. Dit is die enigste middel waareor ek kan dink. Dit mag wees



dat ek verkeerd is maar dit is wat ek dink die hele ding kan werk.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

KRUISVERHOOR DEUR ADV. BURGER: Was jy ooit 'n lid gewees van die A.N.C.? --- Nee.

Die African National Congress - nooit lid gewees nie? --- Nee.

Was jy ooit lid van enige organisasie? --- Sees wat?

A.N.C., P.A.C. - enigiets van die aard? --- Nee.

Wie is jou kaptein? --- Mxekexele Manxele.

Is dit die kaptein by die Transkei? --- Herschell.

Maak jy sees die kaptein sê? --- Dit is moeilik vir my om daardie vraag te antwoord. Ek is nou 27 jaar in hierdie deel van die Pêrel, so ek kan nie nou sê nie. Maar op die geleenthede dat ek huistoe gegaan het, het ek geluister, of gedoen wat hy gesê het ek moet doen.

Sien, my inligting is dat jy vergaderings van die A.N.C. in jou huis gehou het in 1952? --- Nee, ek weet niks daarvan nie.

Het jy ooit politieke vergaderings gehou of bygewoon? --- Ja, lank gelede het ek dit bygewoon.

Het jy ooit by jou huis een gehou? ---Nee. Nooit by my huis nie.

Die mense wat geskuif is, wat jy ons van vertel het, na Langabuya - dit was seker baie sleg gewees. Die mense is maar arm en die huise is swaar opgebou en dan word dit met die trekkers platgestoot. Dit was nie 'n goeie ding gewees nie? Die mense het betaak vir die huise? Die mense het betaal vir die goed waarmee hulle daardie huise gebou het? --- Van wat ek gesien het, ja.

En hulle het geen geld vir daardie huise gekry nie.



Hulle is somar uitgegeei? ---Ja.

En die mense was baie ontevrede daareor? --- Dit is korrek.

En daar was baie mense wat se uitgegeei is - somar by die 3,000, verstaan ek? --- Ek weet nie. Ek het nie getel hoeveel mense nie.

Jy weet net dit is baie mense gewees? ---Ja.

Die mense het gewoon in - daar was ag van die lokasies waar die mense se gewoon het? As jy nie weet presies nie, kan jy sê naastenby? --- Ek weet nie of daar ag was nie.

Ken dit naastenby ag gewees het? --- Ek kan nie onthou dat dit ag was nie.

In elk geval, in elkeen van daardie lokasies het daar somar baie mense gewoon? ---Ja.

Wat het die mense betaal vir se'n huis en se'n plek? ---U bedoel daar by die plase?

Ja - die lokasies daar buitekant? --- Ek weet nie van die ander nie. Ek weet van grootBoghamns!. Ek weet van Batha's s'n, want ek was die hoofman daar.

Wat het hulle betaal daar? --- 75 sent.

Per maand, of per week? --- Per maand.

Per gesin, per man of per hut? --- Hulle het 'n man 'n stukkie grond gegee en die geld het hy betaal vir daardie stukkie grond waarop hy daardie pondokkie gesit het.

Was die stukkie grond bietjie greter as wat nodig was om'n pondokkie op te sit? --- Dit was net groot genoeg om daardie pondokkie op te sit. Daar was nie grond vir 'n tuin nie.

Was daar reëlins getref om die stormwater weg te veer sodat daar nie water die heel tyd bly staan as dit



reën nie? --- Nee, daar was nie.

Ek verstaan ook in die meeste van die kampe is daar ook nie reëlings getref vir die mense om drinkwater te kry nie. Hulle moes drinkwater gaan skep in die rivier? --- Ek weet nie van die ander plekke nie maar ek kan praat van Botha se plek. Daar was 'n melkery en daar was 'n kraan by die melkery en die mense het die water van die kraan gekry.

Daar het dus baie mense by die een kraan by die melkery gaan water tap? --- Ja. Al die mense wat op Botha se plek gebly het, het water van daardie kraan gekry.

Was die kraan taamlik ver van hulle huise af? --- Dit was nie ver nie. Die kraan was naby want die melkery self was nie ver van die huise af nie.

Is dit so dat by die ander lokasies het die mense komar die water uit die rivier geskep? ---Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Het jy nooit in die ander lokasies rondgeleef en gekyk nie? ---Ja, ek het na die ander lokasies gegaan maar ek het nie daarheen gegaan met die bedoeling om te sien waar hulle water kry nie. Ek het maar net gegaan om die mense te besoek.

Het jy nooit gesien waar hulle water kry nie? --- Nee.

Ken jy 'n kamp met die naam van die Langvlei kamp? --- Ja.

Was dit jou kamp gewees? ---Nee.

Ek verstaan die Langvlei kamp is die enigste een waar daar water was. In al die ander kampe was die posisie met die water baie sleg gewees? --- Ek weet nie.

Ken jy die kamp Bangweni? --- Ek ken dit.



Ek verstaan daar het die mense die water gekry uit gate wat hulle in die grond gemaak het? --- Praat u nou van die ander ding, behalwe die pomp wat Gawie opgesit het?

Ja. Ek verstaan die mense het semar self gate gemaak in die grond, party plekke, dan skep hulle die water uit die grond uit? --- Ek weet niks van die gate nie.

Ek wil dit net aan jou stel, op een plek was so'n suiwegat tien treë van 'n varkhok af? --- Ek weet daar niks van nie.

Het hulle behoorlike emmerstelsels gehad, of sanitêre geriewe? --- Daar by Botha se plek het ons self ons gate gemaak.

Hulle het semar die bos gebruik? --- Nee. Ons het 'n gat vir onself daar gemaak, en 'n huisie daar gebou. Ons het nie na die bos gegaan nie.

Baie plekke het die mense semar die bos gebruik? --- Ek is nie seker daarvan nie maar ek kan sê ook daar by Botha se plek was daar mense wat nie daarvan gehou het om daardie huisie te gebruik nie. Hulle het gegaan na die bosse.

Daar was ook nie voorsiening om vuillis te verwyder nie - dinge wat die mense weggooi as hulle klaar geëet het, enigiets van daardie aard. Daar was geen voorsiening om daardie goed gereëld weg te neem soos nou in die lokasies gebeur nie? --- Dit is korrek. Daar was nie voorsiening gemaak nie.

Ek wil graag van jou hoor of jy weet dat onder daardie toestande wat daar geheers het, dat daar enige tyd siekte kon uitbreek het wat die kinders en groot mense ook semar baie maklik van kon doodgegaan het? ---

Nee, ek kan nie saamstem nie want in Xosaland waar ons



vandaan afkomstig is, is daar nie sulke dinge nie. Daar is geen voorsiening vir sulke dinge soos kleinhuisies en mense wat die vuillis verwyder nie. Maar die mense leef nog. In

In Xosaland lewe hulle skoner en hulle is ook nie so baie op'n hoop soos hulle daar in die lokasies was nie? ---Ja, maar ek kan nie iets daaromtrent sê nie. Ek het net gesê omtrent die bos en die toestande by die lokasies, en wat gekry word by Xosaland.

Sal jy glo dat die dokter gekom het en hy het gesê - en hy het gesê dat hierdie ding dat die mense daar woon só gevaarlik is vir die mense se gesondheid, die ding moet dadelik op'n end kom? --- Watter lokasie?

Al daardie lokasies? --- Ek weet nie.

As ek vir jou sê die dokter het so gesê, sal jy sê die dokter weet nie waarvan hy praat nie? --- Ek weet nie. Die enigste dokter wat ek gesien het, was die Langabuya dokter. Ek het nooit 'n dokter daar gesien nie.

As die dokter nou kom en hy sê die mense moet dadelik weg want hulle gaan dood as hulle daar opmekaar bly, hoe moet die Munisipaliteit nou maak om hulle weg te kry? --- Dit is die plig van die Munisipaliteit daar weg te neem, maar hulle te neem na 'n plek.

Watter plek? ---Na 'n beter plek, nie soos die plek waarvandaan die mense verskuif is nie.

Die plek waarheen hulle verskuif is, is daar nie behoorlike sanitêre geriewe nie? ---Ja, op so'n manier wat hulle sê dit is sanitêre dienste, ja.

Baie beter as wat hulle gehad het? --- Vir my is dit dieselfde. Mense wat in Mbekweni woonagtig is, gebruik nooit daardie plekke nie.



DIE KOMMISSARIS: Waar gaan jy - in die bos? --- Nee. Ek sal maar liewers wag totdat ek by my huis is.

Is daar nie behoorlike vuilisverwydering tweemaal per week in Langabuya nie? ---Ja, dit is waar.

Is daardie water nie skoon water, waarvan jy nie siek kan word nie? Is daar nie genoeg water by Langabuya nie? --- Dit is korrek. Dit is skoon water.

Is Langabuya dan nie 'n beter plek as die plekke waar hulle gewees het, waar hulle nie behoorlike water kon kry nie? --- Die advokaat sal my verskeon. Ek het nie hier gekom om getuienis af te lê in verband met Langabuya, of dit goed is of nie goed is nie.

Ja, maar nou, ek is agter 'n ander ding. Ek kom daarby. Die mense wat nou in die ander lokasie gewoon het en wat moes trek Langabuya-toe, is vooraf gesê, 'n paar slae, "Julle moet trek Langabuya-toe, daar sal hout en spykers vir julle wees om huise te bou". Die mense wat moes trek van die ander lākasies Langabuya-toe, is vooraf gesê "Daar sal hout en spykers vir julle wees om huis te bou". "Julle moet trek Langabuya-toe". Daar was 'n paar slae vir hulle gesê "Daar sal hout en spykers vir julle wees om huise te bou by Langabuya"? ---Nee, ek weet niks daarvan nie.

Is nooit aan hulle gesê "Trek Langabuya-toe" nie? --- Hulle was gesê.

Voor die dag dat hulle werklik geneem is met die vragmotors, voor die tyd is hulle al gesê hulle moet gaan? --- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

Was jy toe al by Mbekweni of toe die mense moes trek, was jy toe ook nog by die kampe? --- Ek was al 'n rukkie by Mbekweni.

So jy sal dan nie weet wat by die kampe aangegaan



het by die ander kampe, by die lokasies nie? --- Dit is waar.

Die Munisipaliteit sê vir my hulle het 'n paar slae vir die mense gesê hulle moet trek Langabuya-tee? --- Ek sal dit nie betwis nie.

En die mense wou nie trek nie? --- Ja.

Hoe moet die Munisipaliteit nou maak om hulle daar te kry? --- Voordat ek daardie vraag antwoord, sal u my toelaat om 'n vraag aan u te stel?

Ek weet nie.

DIE KOMMISSARIS: Ja, laat ons hoor wat die vraag is?

--- My vraag is, wat was die rede, waarom het die mense geweer om soheentoe te gaan? Wat het hulle gesê wil hulle hê? Ek kan dit nou vir u sê, wat die mense gesê het hulle wil hê - waarom hulle geweer het om soheentoe te gaan.

Ja? --- Die mense het vasgeklou aan die belofte wat die Stadsraad aan hulle gegee het, dat die Stadsraad gaan vir hulle huise bou en hulle het vir ons verder 'n plan gegee. Ons het toe 'n vergadering gehou en al die mense van die Pérel was by hierdie vergadering en ons het vir hulle die plan gewys.

KRUISVERHOOR HERVAT: Was die belofte, die Stadsraad gaan somar dadelik al die huise gee of het die Stadsraad gesê met die jare gaan hy bou soos hy kan? --- Die belofte van die Stadsraad was, "Ons gaan vir julle 'n lokasie bou" en ons is die mense wat daardie stene gekies het - die stene wat hulle gebruik het om die lokasie te bou.

Maar het die Stadsraad nie vir julle gesê *totdat* die lokasie gebou is, moet julle sobank in Langabuya bly nie? --- Nee. Dit kan nie reg wees nie want toe die Stadsraad



daardie belofte aan ons gemaak het, was Langabuya nog nie daar, op daardie stadium nie. Sowel as Mbekweni self was nog nie daar nie. Dit was in die jaar 1957 toe die Stadsraad hierdie belofte gemaak het.

Ek verstaan Langabuya was al daar in 1952? --- Ek maak tog 'n fout. Ek vra om verskoning - ek bedoel 1947.

4 Jy is nou met mnr. le Roux ontevrede oor hierdie verskuiwery wat plaasgevind het Langabuya-toe? Dink jy mnr. le Roux het goeie werk gedoen toe hy julle verskuif het Langabuya-toe? --- Dit sou baie/<sup>goeie</sup>werk gewees het wat mnr. le Roux gedoen het as hy daardie mense verskuif het na huise-toe.

Maar hulle was kwaad vir hom toe hy hulle nie verskuif het na huise-toe nie. Hy het hulle net verskuif na 'n kaal stuk grond? --- Nee. Ek het gladnie kwaad gewees nie.

Dink jy nie mnr. le Roux het 'n slegte ding gedoen toe hy die mense verskuif na 'n plek waar daar nie huise is nie, waar hulle somar in die reën neergesit word? ---Ja, dit was nie 'n goeie ding nie.

En julle het gedink mnr. le Roux is nie 'n goeie man as hy die ding doen nie? --- Dit is wat die mense sê.

Toe mnr. le Roux aangestel is in plaas van mnr. Joubert, soos aan hulle belowe is, het die mense ook gedink hierdie man is nie 'n goeie man nie? --- Ek weet nie of die mense so gesê het nie want hulle het hom nie geken nie.

Hulle was ontevrede omdat hulle man nie aangestel is nie? --- Ja. Die mense was nie tevrede daaromtrent nie maar daar is niks wat die mense kon gedoen het nie. Hulle kon nie teen die Wet gaan nie.

Jy het vir ons vertel van 'n ander ding waarmee jy ook ontevrede was, en dit was die vrouens van mense wat



werk verloor het, wat teruggestuur is? ---Ja.

En die man wat eintlik die terugstuurwerk moes doen, wat aan die hoof gestaan het daarvan, was mnr. le Roux? --- Ja.

Daardie tyd moes die mense gedink het "Ai! die mnr. le Roux! Hy doen alles wat sleg is"? --- Ja.

Daardie tyd het hulle gedink "Die mnr. le Roux, hy kan nie 'n ding doen wat goed is nie"? --- Ja.

Het jy self ook so gedink? ---Ja.

As mense ontevrede is en hulle sê "Hier is nou 'n man wat altyd 'n verkeerde ding doen", enkiets wat dan gebeur, maak dit net nog erger alhoewel die man dit nie so bedoel het nie - dit is maar net 'n ongeluk maar dit word alles gesê, dit is maar daardie man wat so maak? --- Maar hy is mos die hoof.

Maar party slae gebeur daar iets wat hy nie so bedoel het nie - dit is 'n ongeluk? ---Nee, ek kan nie saamstem nie. Daar kan nie so'n ongeluk wees, dat 'n ongeluk so ver kan gaan totdat dit by die Hof kom nie, totdat daar 'n prokureur is wat vir hierdie man moet kom staan nie, en ons kan tog nog sê so'n ding is 'n ongeluk - dit kan nie so wees nie.

Laat staan nou die pasverkepery. Sê jy daar was nooit 'n geval gewees waar daar foute gekom het en dat die mense met die Poqe ontevrede was nie? --- Ek weet nie.

Party slae is dit so: Die mense het al klaar die idee, "Dié le Roux is 'n slegte man. Hy bring net die dinge wat sleg is"? Nouja, nou gebeur daar 'n "mistake". Mnr. le Roux bedoel dit nie so nie, nou sê die mense "Nee, ek glo hom nie. Dit is nie 'n 'mistake' nie. Dit is maar le Roux. Hy maak maar so"? Kan dit nie so



wees nie? ---Nee, ek glo nie. Dit kan nie so wees nie.

Jy self glo ook nie meer dit kan 'n "mistake" wees nie? --- Ek glo nie daar kan so baie foute wees nie.

Sê jy daar gebeur nooit 'n fout nie? ---Ja, dit gebeur.

Was hulle baie ontevrede oor die klopjagte? ---  
Op watter tydstip?

Was hulle te enige tyd ontevrede oor die klopjagte en oor die passe? --- Hulle was nooit tevrede daarmee nie.

Hoe moet die mense uitvind, hoe moet die Munisipaliteit uitvind of daar mense in die huise is wat nie daar hoort nie? --- Ek sê nie die Munisipaliteit moes dit nie gedoen het nie - die klopjagte - maar ek sê die mense was nie tevrede daarentrent nie.

Dit is nog 'n ding wat hulle kwaad gemaak het vir mnr. le Roux? Is dit so? --- Ek weet nie.

Was die mense nie ontevrede met mnr. le Roux dat hy die klopjagte hou nie? --- Wanneer - nou, onlangs?

Te enige tyd? --- Ek weet nie. Daar kan ek nie antwoord nie.

Mnr. le Roux was baie kere teenwoordig by die klopjagte, nê? --- Ek het geheer van die inwoners van die enkelkwartiere, mnr. le Roux was self by met die klopjagte.

Ander tye is dit sy mense wat onder hom werk wat die klopjagte hou? ---Ja.

En dan is die mense kwaad vir die mense wat kom klopjagte hou, wat hulle kom oeklop in die nag? --- Ja.

Sal dit 'n goeie ding wees as almal daar in die enkelkwartiere in hulle kamers eet in plaas van in die kombuise? ---Ja, dit kan 'n goeie ding wees.



Jy dink daardie wet wat die Munisipaliteit gemaak het dat hulle nie in hulle huise mag eet nie, is heeltemal 'n verkeerde ding? --- Ja, vir die rede: Die Munisipaliteit self het daardie wet gebreek.

Hoe het dit die Wet gebreek? --- Ek moet sê, die dag toe hulle daardie biersaal oopgemaak het, het nie baie mense na die biersaal gegaan nie. Toe het hulle gesê, "Nee, alles is oop. Julle kan nou maar eet in julle huis". Dit is daarom dat ek sê die Munisipaliteit het self daardie wet gebreek.

Maar daardie Wet staan nog net so? --- Dit mag so wees, maar die mense nou eet in hulle huise.

DIE KOMMISSARIS: In die enkelkwartiere ook? --- By die enkelkwartiere.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het iemand vir julle gesê dat die wet dat julle nie in die huise mag eet nie, is teruggeroep? --- Nee.

As julle eet in die huise, maak julle ook vuur daar? --- Ek het dit nog nie gesien nie.

Hoe eet julle sonder om kos gaar te maak? --- Hulle gaan kook in die kombuis.

Ek verstaan die eintlike ding met die etery wat die Munisipaliteit teen is, is die vuurmakery in die huise om die kos reg te maak? --- Nee, as dit so is, weet ek nie.

Ek word verder gesê, die mense wat eet in die huise, mors die huise op. Hulle kan dit nie skoon hou nie. Dan hou hulle dit liewers in die kombuis, waar hulle dit kan skoonhou? --- Doen die Bantoes dit?

Ja? --- Ek het dit nog nooit gesien nie.

Het jy nog nooit dat die enkelkwartiere mense mors as hulle daar eet nie? --- As ek nou met u praat, hulle



eet daar in die huise.

Is daar nie van hulle wat mers daar in die huise nie?

---Nee. Ek het dit nooit gesien nie.

Niks gesien dat hulle mers nie? --- Nee.

Het jy al by al die huise omgeloop dat jy kan sê daar is nie een wat mers nie? ---Nee, ek het dit nooit gedoen om al die huise deur te loop nie, en tesien of daar mense is wat vuil maak of nie. Een ding wat ek van weet, dit gebeur baie kere, Saterdag, dat hierdie mense kom leen my eie tuinslang en gaan was hulle eie huis. Dit is iets wat ek gesien het of wat ek van weet.

Almal van hulle, of net party van hulle? --- Party van hulle - die wat bekend is aan my.

As daar stukkies ou kos in die huis lê vir 'n week, sal dit ook nie 'n goeie ding wees nie? --- Nee, so'n ding kan nie gebeur nie.

Sal dit nie gebeur as die mense daar in hulle huise eet nie? --- Dit is ou mense, en mense met verstand - die inwoners van daardie plek. Party van daardie mense het groter huise of mooier huise, vanwaar hulle afkomstig is - groter en mooier as die huise waarin hulle nou bly.

Party van hulle is 'n bietjie malkep, maar? --- Nee.

Jy het self vanmôre gesê party van hulle is 'n bietjie malkep? --- Toe ek gesê het "malkep", het ek bedoel daar is mense wat dinge doen wat nie gedoen moet word nie - nie in verband met kos nie.

Maar as hulle ander dinge doen wat ernstiger is, sal hulle nie kos ook mers nie? --- Nee. Ek het nog nooit so'n ding gesien nie.



21 JANUARIE 1963.

VERTEENWOORDIGING SOOS VOORHEEN.

MNR. GROSLOFF: U Edele, ek wil dit net graag tot u vandag bring dat my senior, wat 'n waarnemende aanstelling as Regter aanvaar vanaf die begin van Februarie, ongelukkig nie kan voortgaan met hierdie saak nie en dat ek dus in die toekoms alleen optree namens die Munisipaliteit.

WILSON SONYONI, nog onder eed (deur tolk):

KRUISVERHOOR DEUR MNR. GROSLOFF: Wilson, Donderdagnmiddag het jy vir ons vertel die mense is baie ontevrede dat hulle nie in hulle huise mag eet nie? --- Ja.

Jy het ook vir ons vertel dat hulle nie vuur maak in hulle huise nie maar dat hulle by die kombuis gaan kos voorberei en dan wil hulle graag in hul eie huise gaan eet? --- Ja. In die kombuis is die vuur die Munisipaliteit se vuur.

Maar hulle gaan na die kombuis en hulle maak daar vuur - die vuur is daar. Hulle maak dan kos en dan, sê jy, wil hulle graag in hul eie huise gaan eet? --- Ja.

Wat ek nie kan verstaan nie is, hoekom is dit dan so'n groot grief dat van hulle verwag word om in die eetkamer te eet? --- Daar is verskillende redes. Een van die redes is, partysaal as dit reën en die inwoners kom laat terug van die werk, is die kos klaar daar maar hulle mag nie in die kamers eet nie. Hulle moet weer terug na die kombuis-toe.



Sien, dit verstaan ek ook nie want jy het vir ons gesê hulle gaan in elk geval kombuis-toe om die kos voor te berei? --- Ja.

So, as hulle in elk geval by die kombuis is en hulle eet in die eetkamer, dan hoef hulle nie nog eers na hulle huise te stap en dan weer terug te stap om hulle skottelgoed skoon te maak nie. Dan word hulle minder nat? --- Ja, dit is die Wet. Die Wet is daarteen dat mense in die kombuis moet eet.

Jy sien, as 'n mens in elk geval na die kombuis gaan om die kos ...

DIE KOMMISSARIS: Mr. Gresskopf, is die posisie nie dat een van hulle gaan koop, en maak die kos daar klaar by die kombuis en dan gaan eet hulle in die kamer nie?

MR. GRESSKOPF: Ek probeer van die getuie uitvind wat die posisie presies is, wat hulle klagte presies is, u Edede.

DIE KOMMISSARIS: Maar jy weet, as jy nie vir hom daarnatoe bring nie, sal dit 'n baie lang tyd vat om daar te kom. Ek het verstaan van die ander getuies dat dit is wat gebeur.

Wat is die posisie, hoe maak julle jul kos gaar?

KRUISVERHOOR HERVAT: Hoe maak hulle die kos by die kombuis gaar? Moet elke man sy eie kos maak? --- Nee, dit is nie ons Kosa-mense se gewoonte om so te doen nie.

Hoe maak hulle dan? --- Ons gewoonte is, as daar mense is in 'n kamer, die jongste van hulle is die persoon wat die kookwerk moet doen. Al die ander mense haal die geld uit en dan koop hulle die kruideniersware, en die jongste van hulle gaan kook en hy sorg vir die kos.

Wie was dan die skottelgoed, weer? --- Dieselfde



persoon - die jongste van hulle.

Jy sien, die eetkamer wat daar ingerig is vir julle, het al die geriewe. Daar is tafels en daar is banke? --- Dit is korrek.

Daar is kassies waarin julle jul kos en jul eetgoed kan hou, wat toegesluit kan word? --- Dit is korrek.

Daar is opwasbakke waar julle die skottelgoed kan was? --- Ja.

In die winter kan jy jouself by die stoof seker 'n bietjie warm maak? --- Daardie stoof is so hoog (dul aan tot by bors).

En die Munisipaliteit kan die eetsaal daarna weer skoonmaak en dit was, en alles mooi netjies maak? --- Dit is so, ja.

So, dit is 'n baie lekker plek om te eet? --- Ja, ek verstaan maar ongelukkig het ons ons eie gewoontes - maniere - en ons manier is, ons skeep kos in een, groot skottel en ons eet almal uit daardie skottel. Daar is baie min van my sence wat borde gebruik.

Ja, maar julle kan mos maar uit julle een, groot skottel ook eet in die eetkamer, nie waar nie? --- Ja, ek sien saam. Dit het gebeur dat mense nou-en-dan stille-tjies gaan eet in hulle kamers en as hulle sodoen, dan word hierdie mense gearresteer.

En ek verstaan die eintlike rede waarom dit 'n brief is by julle dat julle nie in die kamers mag eet nie, is omdat in die winter, as dit reën, is dit lastig om van die kamers na die eetsaal te stap? --- Ek weet nie.

Hoekom dink jy dan, is dit vir hulle so'n belangrike grief? --- As die mense nou gearresteer is omdat hulle geëet het in die kamers, dan, as 'n persoon hoor wat hulle



sê daaromtrent, kan jy maklik uitvind dat die mense baie ontevrede daaromtrent is.

Wet jy hoekom dit vir die mense so'n groot grief is dat hulle nie in hulle kamer mag eet nie? --- Nee.

Van wanneer is dit so dat 'n mens in die eetzaal moet eet en nie in jou kamer nie? --- Van die begin af - vanaf die dag toe die mense daar ingetrek het.

Dit is reg van die begin af al? --- Van die begin af.

Jy het vir ons hier stories vertel, dat daar passe verkoop was. Jy het hier getuienis gelever dat daar passe verkoop is? ---Ja.

In hoeverre strek jou eie ondervinding? --- Ek volg nie mooi die vraag nie. Is die vraag dat ek moet mooi verduidelik, of ek kennis dra dat die passe verkoop was?

Het jy ooit self saam gewerk om passe gekoop te kry?

THE COMMISSIONER: That is an incriminating question you are asking him, Mr. Groskopf.

MR. GROSSKOPF: Yes, M'Lord, but he did give evidence - he has given this evidence, that he went along.

THE COMMISSIONER: Yes, but not that he took part in it himself.

Jy hoef nie te antwoord as jy nie wil nie? ---Ja, ek het nie hier gekom om moeilikheid te maak nie. Ek het net hier gekom om vir die Hof te probeer sê wat ek dink en weet is die oorsaak van hierdie moeilikheid.

KWISVEBHOOR HERVAT: Het jy vir ons Donderdag vertel van 'n sekere "runner" na wie jy gegaan het saam met sekere ander mense? ---Ja.

Vertel net weer vir die Hof, wat presies het toe gebeur? --- Ek het daardie persone genees na hierdie "runner". Hierdie mense was mense wat afkomstig gewees



het van dieselfde plek waarvandaan ek gekom het en hierdie mense kon nie permitte of passe kry nie. Omdat ek al gehoor het hoe die mense gehelp kan word, hoe 'n plan gemaak kon word om die mense te help, het ek toe hierdie twee mense geneem - ek was die derde. Ons drie het toe daarheen, na die "runner" gegaan. Ek het by die "runner" gekom en in die teenwoordigheid van hierdie mense het ek vir die "runner" R24 vir elke persoon gegee - dit is £12 elk. Na 'n paar dae het hierdie mense hulle passe gekry. Dit was toe duidelik vir my dat die passe verkoop word.

Het die mense - waar het hulle gewoon? --- By die enkelkwartiere.

Hulle het sonder passe daar by die enkelkwartiere gewoon? --- Ja. Dit is korrek. Maar hulle was nie lank hier nie. Hulle was kort van die Platteland af.

En die R24 elk, het hulle dit self gehad? --- Nee. Ons het dit so gedoen: Mense sou geld kollekteer. So by voorbeeld een persoon het £10 en die ander een het £4, dan sit ons daardie geld bymekaar om hierdie man te help en as ons die R24 kry, dan neem ons die geld en die man kry dan sy papiere. As hy werk kry, sal hy die geld terugbetaal aan die mense wat aan hom die geld gegee het.

Wanneer was hierdie insident? --- Ek dink ongeveer 1958.

DIE KOMMISSARIS: Gebeur daardie soort van ding nou nog? --- Nee, ek weet nie tot nou toe nie. Ek weet net sover soos Junie verlede jaar het dit nog gebeur. Dit was na die hofspraak.

KRUISVERHOOR HERVAT: Weet jy dat van hierdie "runners" vir bedrog aangekla is en skuldig bevind is.

*Wanneer het hulle vir mense so hulle kan passe kry maar in werklikheid het hulle net die mense se geld en die mense.*



Kry op die normale manier passe? ---Nee, ek dra geen kennis daarvan nie.

Wet jy nie dat van hierdie "runners" skuldig bevind is aan misdade nie? --- Bedoel u in die Pêrel?

In die Pêrel? --- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Ek verstaan sedert mr. le Roux se hofsak is van hierdie "runners" alweer skuldig bevind van bedrog? --- Ek dra geen kennis daarvan nie. Wat ek van weet is, ek weet van een geval. Dit is die geval van Mandlake Klungwana. Ek weet van dié geval. Hy is 'n persoon wat 'n pas gekoop het maar as gevolg van die koop van daardie pas, was daar 'n Hofsaak en van wat ek daarvan weet, het hierdie persoon sy geld ge-eis. Hy het gesê hy het geld betaal en hy het toe na die Hof gegaan sodat hy sy geld kan terugkry - die geld wat hy betaal het. Verder is my kennis dat hy daardie geld teruggekry het van die persoon van wie hy die pas gekoop het.

Maar as jy nie weet van hierdie skuldigbevindings nie, dan los ek dit. Ek wil dit net aan jou stel dat destyds was die posisie dat baie Bantoes het onwettig na die Pêrel gekom. Wie waar nie? --- Dit is heeltesal reg.

Van tyd tot tyd het daar werk gekom in die Pêrel vir Bantoes - van tyd tot tyd was daar werk beskikbaar vir Bantoes in die Pêrel? ---Ja.

Dan sê die "runners" hulle kan vir die mense passe kry? ---Ja.

Dan gaan hulle na hierdie mense wat onwettig is en hulle sê "Gaan na die kantoor-toe en jy sal werk kry"? --- Ek luister.

Want die "runner" is die mens wat weet wat aangaan. Hy sien dat daar 'n kennisgewing op is by die kantoor dat hulle nou weer werkers soek? --- Ek luister.



En dan, wat gebeur is, die onwettige intrekker betaal vir die "runner" geld en hy dink die "runner" kry vir hom 'n pas, en al wat die "runner" doen is om vir hom te sê hy moet daar in die tou gaan staan? --- Ek sou graag 'n vraag wou stel: As dit so is, wie het dan die pas van die persoon. Is die pas by die "runner" of by die eienaar?

Die pas is by die eienaar? --- Bedoel u dan dat die eienaar van die pas gee dit self by die kantoor in?

Ja? --- As dinge so loop, dra ek geen kennis dat daar 'n "runner" is in so'n geval nie.

Wat het dan gebeur in jou geval? --- My kennis is, die persoon wat 'n pas wil hê, haal sy pas uit. Hy gee dit vir die "runner" saam met die geld. Dan sê die "runner" vir hom, "Môre-oggend moet jy na die kantoor-toe gaan". Die runner is dan daar weg met die man se pas. Die volgende dag gaan die persoon van wie die pas geneem is, na die kantoor-toe. Dan staan hy daar en hy luister net dat hulle sy naam uitroep.

In die gevalle waar jy die mense na die "runner" geneem het, het hulle die volgende dag hulle name gehoor uitroep word by die kantoor? --- Ja.

Was dit die volgende dag gewees? --- Ja.

Hoekom het jy dan netnou gesê 'n paar dae daarna? --- Môre of oersmôre - 'n paar dae daarna.

Maar dit is ook nie die volgende dag nie, is dit? --- Ek weet ek het so gesê maar my bedoeling is dat dit die volgende dag, of sê twee/drie daarna is - dan kry die man die pas.

Was jy by toe hierdie mense se name uitgelees is? --- Nee, ek was nie teenwoordig nie.

Wie het die mense se name - die dag dat hulle die



pesse gekry het, wie het die bewysboek by die kantoor ingegee? --- Dit moet die "runner" wees wat die pas daar ingegee het by die kantoor want die persone wat hulle passe aan hom gegee het, het nie saam met hom na die kantoor gegaan nie.

Vertel my net van die oggend wat hulle name uitgelees is. Het niemand daardie oggend 'n bewysboek by die kantoor ingehandig om gestempel te word nie? --- Ek weet nie van so'n persoon nie.

Want normaalweg, as jy 'n permit kry, dan moet dit aangeteken word op jou boekie, nie waar nie? --- Ja.

En gewoonlik, as hulle vir sence permitte gee, dan gaan die sence daar met hulle boekie en dan word die permit op die boekie aangeteken? --- Watter permit is dit wat u nou van praat?

Die werksoek-permit? --- As die boekie uit die kantoor uit kom, is daar reeds hierdie permit wat hom toelaat om werk te soek.

Maar as 'n gewone man daarheen gaan om 'n permit te vra, dan gaan hy daarheen met sy boekie, nie waar nie? --- Dit is korrek.

En hy gaan na die kantoor-toe, en as hulle hom 'n permit gee, stempel hulle die boekie by hom? ---Ja.

Weet jy of dit ook in hierdie geval gebeur het, toe jy by die "runners" was? ---Nee, ek weet nie.

Jy weet nie of die oggend toe hulle die permit gekry het, iemand na die kantoor gegaan het met die boekie en dit is toe gestempel nie? --- Nee. Ek dra geen kennis daarvan nie.

En jy weet nie of die runner die boekie terugbring het na die sence, en dat dit hulle is wat daarheen gegaan



het en dit laat stempel het nie? Jy weet nie of die "runner" die boekie teruggegee het aan die mense wat onwettiglik daar was nie, en dat dit die Naturelle is wat onwettig daar was, wat die boekie self gaan inhandig het om gestempel te word nie? --- Ek weet nie daarvan nie maar as die "runner" so'n ding doen, dan is dit by wat die Munisipaliteit teen die mense sit, of die mense teen die Munisipaliteit. Dit is dan die man wat verkeerd is. Dit is die man wat gestraf moet word, want hulle is die mense wat die dinge sleg maak op die wêreld.

Ken jy die beweging van Poqo? ---Nee. Ek ken Poqo gladnie.

Het jy nog nooit gehoor daarvan nie? ---Ja, ek het daarvan gehoor maar ek weet nie wie behoort aan Poqo en wie behoort nie aan Poqo nie. Ek het daarvan gehoor.

Wat het jy gehoor - het jy gehoor wat Poqo se doelstellings is? --- Nee.

Het jy ook nie eers by ander mense gehoor dat hulle praat wat die doelstellings van Poqo is nie? --- Nee.

DIE KOMMISSARIS: Hoe lank weet jy al van Poqo? --- Ek het eers gehoor van hierdie Poqo toe ek daardie lyke gesien het. Dit was die eerste keer dat ek gehoor het daar is so'n ding soos Poqo.

Ek wil graag weet of dit 'n ou ding is, of 'n nuwe ding wat nou gebeur het? --- Dit is nie 'n ou ding nie. Ek het eers daaromtrent gehoor aan die begin van verlede jaar.

Wat maak hierdie Poqo eintlik. Het iemand vir jou dit vertel? --- Daar by Aprilmaand het ek daarvan gehoor.

Wat soek Poqo eintlik? **Het hulle vir jou gesê?** --- Nee.



KRUISVERHOOR HERVAT: Jy sê jy het eers van Pogo gehoor toe jy die lyke gesien het? --- Ja.

Het jy gehoor dat dit Pogo is wat hierdie sence doodgemaak het? ---Ja. Ek het ander sence gehoor. Party van die sence het daarvan gepraat, dat Pogo verantwoordelik was vir daardie lyke, maar nie al die sence het so gesê nie.

Hoekom het die sence gesê dat Pogo hierdie sence doodgemaak het? --- Ek weet nie.

Het die sence nie gepraat daaroor en gewonder hoekom Pogo nou sence doodmaak nie? ---Nee. Die sence was bang vir die ding. Die sence het nie baie gepraat van hierdie ding nie. Ek was ook bang vir die ding.

Is die sence bang vir Pogo, met ander woorde? ---Ja.

DIE KOMMISSARIS: Hoekom was hulle bang, as hulle nie weet wat dit doen nie? --- Ek weet nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Weet jy dat sence aangesluit het by Pogo omdat hulle bang is vir Pogo? ---Nee, ek weet nie.

Die aand dat die Bantoes na Pêrel marsjeer het, wie het dit organiseer - weet jy? --- Ek weet nie.

Weet jy wat die doel van die opmars was? ---Nee.

Die aand toe dit plaasgevind het, het jy geweet dat dit plaasvind? ---Nee.

Wanneer is die eerste maal dat jy daarvan gehoor het? --- Die volgende dag, ongeveer 8-uur.

Het jy gehoor dat daar so'n opmars was? --- Ek het gehoor daar is sence wat dood is in die dorp.

Het jy geweet dat daar baie sence was in die enkelkwartiere wat vir hulleself wapens aangeskaf het? ---Nee.

Ek kom nou by 'n ander punt. Jy het ook daarvan

--- gepraat ---



gepraat dat mnr. le Roux mense in diens sou geneem het op sy plaas? ---Ja.

Jy het vir ons vertel dat mense kon na Khaps gegaan het en hy sou die saak vir hulle reël? ---Ja. Dit was die oerledene, Klaas, wat daardie werk gedoen het.

Het jy ooit persoonlik met Klaas onderhandel om mense by mnr. le Roux te laat werk op hierdie manier? ---Nee, behalwe dat, ek het een slag gevra maar daar was genoeg mense - dit was vol.

Die stories wat jy gehoor het van mense wat by mnr. le Roux werk, waar het hulle gesê werk hierdie mense? ---Op die plaas.

En waar is hierdie plaas? --- Hulle het gesê oorkant die rivier - Onder-Pérel.

Is dit die plaas tussen Langabuya en Mbekweni? ---Nie daardie een nie. Die plaas wat ek van praat, is oorkant die rivier.

By wie het jy gehoor dat hierdie mense by mnr. le Roux werk? --- Die mense self het so gesê.

Hoeveel mense het vir jou so gesê? --- Daar was baie mense van wie ek dit gehoor het want daar <sup>was</sup> spanne. Die een span sou gaan en as hulle klaar is, dan kom hulle terug en dan gaan 'n ander span.

Hoeveel mense het vir jou persoonlik gesê dat hulle by mnr. le Roux gewerk het? --- Die mense wat ek goed kan onthou wat my daarvan gesê het, dat hulle by sy plaas gewerk het, is vyf mense.

Het jy ooit met hierdie vyf mense gepraat of hulle betaling ontvang het of nie? --- Hulle het vir my gesê hulle het geen betaling daarvoor gekry nie.

DIE KOMMISSARIS: Die plaas, was dit nou die een oorkant die berge wat jy van praat - nie die een by



Langatuya nie? --- Ja. Oorkant die rivier - Onder-Pêrel.

En al vyf die mense het daar gaan werk? ---Ja.

En sover jy weet, het hulle nie betaling gekry nie?

--- Dit is wat hulle vir my gesê het. Hulle het geen betaling daarvoor gekry nie.

Hoe lank het hulle daar gewerk? ---Hulle sou werk vir twee weke en dan kom hulle terug en dan is die kontrak klaar.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het al vyf hierdie mense vir jou gesê hulle is nie betaal nie? --- Ja, al vyf.

Het hulle vir jou gesê watter soort werk hulle gedoen het? ---Hulle het gesê hulle het gewerk by die lande.

Watter soort lande? ---Hulle het gewerk daar by die druive.

Watter soort werk het hulle gedoen by die druive? --- Ek het hulle nie so uitgevra, watter soort werk hulle gedoen het daar by die druive nie.

In watter jaar was dit? --- Ek dink dit was 1959.

Hierdie mense, is hulle mense wat kennis het van wingerde? ---Nee, ek weet nie.

Is dit mense wat getuënis afgelê het by mr. le Roux se saak? --- Ek is nie meer seker of daardie mense wel getuënis afgelê het, of nie.

Was hulle by die Polisie gewees? --- Waar?

Het die Polisie by hulle verklarings afgeneem? --- Ek weet nie.

Sien, jy weet natuurlik mr. le Roux was aangekla dat hierdie mense by hom sou gewerk het sonder betaling? --- Ek weet nie of dit die klagte teen hom was nie.

Jy het vir ons vertel dat die tyd toe mr. le Roux in die oëlikheid was, het jy gesien die dinge loop



verkeerd? ---Nee, ek het nie so gesê nie.

Maar goed, dan sal ek vir jou lees wat jy gesê het.  
"Die rede wat ons gemaak het om te gaan na die Stadsraad was omdat die mense wat in outoriteit was, was op daardie tydstip in die moeilikheid?" ---Ja, dit is waar.

So, daarvan verstaan ek dat as die mense in outoriteit nie in die moeilikheid was nie, sou jy lievers na hulle gegaan het? ---Nee, dit is nou iets wat u dink. Dit is nie wat ek van praat nie. As hulle by gewees het, sou hulle dit self gesien het.

Ek verstaan. Met ander woorde, wat jy sê is omdat hierdie mense in die moeilikheid is en hulle is nie daar om toesig te hou nie, daarom het dinge verkeerd gegaan? --- Ja.

So, omdat hierdie mense nou weg is, het Pogo die kans gehad om vergaderings te hou? --- Ek weet nie of daardie mense wat die vergaderings daar gehou het op daardie tydstip, lede van Pogo was nie.

Hou maar goed. Omdat die mense in gesag nie daar was nie, kon die mense in die enkelkwartiere sameskaer vergaderings gehou het? --- Ja.

DIE KOMMISSARIS: Wag nou net 'n bietjie. Ek verstaan nou nie mooi jou getuienis nie. Sê jy, toe mr. le Roux en sy mense daar was, was daar nie vergaderings gewees nie - hy het dit gekeer? --- Daar was vergaderings gewees.

Selfs toe mr. le Roux daar was? --- Ja. Die vergaderings het daar plaasgevind terwyl mr. le Roux nog daar gewees het en mr. le Roux moet kennis dra van die busse wat daar ingekom het en die plek verlaat het.

Sover jy weet, het hy niks daarentrent gedoen nie?



---Nee, ek weet van niks wat hy gedoen het nie.

Die ding wat hier aan jou gelees was, waar jy sou gesê het in jou antwoord nou aan die advokaat, as mnr. le Roux wel daar was, sou hierdie dinge nie gebeur het nie - sou die vergaderings nie gehou gewees het nie - is dit verkeerd wat jy gesê het of het ek jou verkeerd verstaan? --- Nee, as hy daar gewees het, dan sou hy gesien het wat moet gedoen word want hy is die persoon wat die opsigter is en hy is die persoon wat kyk en sien wat aangaan.

Sê jy, jy het hom nooit iets sien doen vantevore nie?  
--- 'n Bus is 'n groot ding. As sy hoofmanne dit sien of as sy Polisie dit sien, dit is maar dieselfde dat hy self dit gesien het want daardie wense is onder hom.

Maar dink jy as hy daar was, sou hy iets gedoen het daarontrent? --- Wat ek dink, as hy dit gesien het, dan noes hy iets gedoen het daarontrent.

Maar het hy dit nie gesien voordat hy in die moeilikheid was nie? --- In verband met wat aan my gelees is deur die advokaat, die rede waarom ons na die Burgemeester gegaan het, was oor wat ons gesien het daar gebeur. Dit is moeilik vir my om die vraag te antwoord want dit sal my lei om dinge te sê wat ek nie van weet nie en ek is nie van plan om so te sê nie.

Maar as mnr. le Roux nie in die moeilikheid was nie, sou julle nie na die Stadsraad gegaan het nie of sou julle tog gegaan het? --- Ons sou na mnr. le Roux gegaan het.

Julle sou na hom gegaan het en hom gaan sê het van die busse wat daar aankom, en die vergaderings? --- Ja.

REQUISVERHOOR HERVAT: En ook verder lyk dit vir my

--- dat ---



dat toe mr. le Roux-hulle in die moeilikheid was, toe het die sake in die lokasie slegter geword? --- Ja.

Julle het toe na mr. Volks gegaan en vir hom vertel van al hierdie moeilikhede, nê? ---Ja.

Jy het nie self saam gegaan nie? ---Nee. Ek het persoonlik nie saam gegaan nie.

Jy weet natuurlik nie wat mr. Volks daarontrent gedoen het nie? ---Nee. Ek persoonlik dra nie kennis daarvan nie, behalwe wat die mense vir my gesê het - die mense wat ons gestuur het na mr. Volks. Hulle het gesê dat mr. Volks gesê het hy sal sien wat gedoen kan word daarontrent.

En as mr. Volks dit by die Polisie aangemeld het, sou julle nie noodwendig weet daarvan nie? --- Ja.

Daarna het jy ook 'n slag na die Polisiekommandant gegaan, nie waar nie? --- Ja.

En jy het vir ons vertel jy het die indruk gekry dat die ander Wilson wat by die kantoor werk, was 'n bietjie ontevrede met jou dat jy al hierdie dinge gedoen het? --- Ja. Dit het vir my voorgekom dat hy nie tevrede was daarontrent, dat ons na die distrikskommandant gegaan het nie.

En jy het ook gehoor dat hy nie tevrede was dat jy onder die mense is wat die deputasie na die Burgemeester geseël het nie? ---Ja.

Jy het vir ons vertel dat jy 'n skryfwerker van beroep is? ---Ja.

Werk jy vir 'n baas? --- Nee.

Vir watter soort mense doen jy werk? --- Enige persoon.

Met ander woorde, enigiemand wat 'n skryfwerklike



gedoen wil hê, sal jy dit voor doen? ---Ja.

Maak jy baie geld daaruit? --- Nee.

Jy is al 'n senior man daar in die lokasie, nê? ---  
Nee.

Jy is een van die ouer manne daar? ---Ja.

DIE KOMMISSARIS: Die mense sien op na jou. Jy is 'n ouer man, 'n M'dala wat almal na opsien? ---Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek weet daar is manne daar in die lokasie wat ouer is as ek.

REKUISVERHOOR HERVAT: Daar is 'n aantal wat ouer is as jy maar die Wilson wat by die kantoor werk, is jonger as jy, nê? --- Ja.

Het jy nie al partysaal gedink dat jy 'n meer geskikte man sal wees om sy betrekking te vul as hyself nie? --- Nee, ek is ongeleerd.

Jy dink nie jy sal graag die hoofman wil wees in die lokasie nie? ---Nee. Ek wil dit gladnie hê nie.

Sien, die indruk wat ek van jou getuienis kry is dat die ander Wilson het gedink jy probeer nou dat hy in die moeilikheid is, sy plek inneem? --- Dit is u eie indruk. Ek weet niks daarvan nie.

Sien, jy het gesê op bladsy 845 dat daardie eerste keer toe julle gegaan het na die Stadsraad en toe julle teruggekom het van die Stadsraad, het die storie van Wilson gekom dat julle nou vir julleself die hoofmanne maak --- Ja.

Is dit die storie wat by julle uitgekom het? --- Ja.

Het ander woorde, die ander Wilson dink dat julle nou werk doen wat eintlik sy werk is? ---Is dit wat hy dink?

Ek vra vir jou of jy die indruk gekry het dat dit is wat die ander Wilson gedink het? --- Ja, ek het so gedink,

--- dat ---



dat hy miskien dink ons wil sy posisie hê.

En dit is die rede waarom jy lateraan nie meer by die Munisipaliteit of die Polisie gaan kla het nie? --- Ek kan nie daardie antwoord nie. Ek is nie seker van die vraag nie. Ek wil graag hê dat u aan my verduidelik wat u bedoel, en op watter tydstip.

- TEEVERDAGING -

DIE HOOR HERVAT OM 11.15 v.m.:

WILSON SONYONI, nog onder eed (deur tolk):

KHULSVERHOOR DEUR MNR. CROSSKOPFF HERVAT: Wilson, jy het vir ons vertel daar was tsaalik gerugte en stories in omloop oor die verkoop van passe in die lokasie? --- Ja.

Was daar ontevredenheid by die mense daarvoor? --- Daar was ontevredenheid.

Wie was ontevrede - die mense wat die permit moet koop of daarvoor moet werk? Was hulle ontevrede? --- Die mense wat die permitte of passe gekoop het, was ontevrede daaromtrent maar daar was geen ander plan wat hulle kon gemaak het, behalwe om dit te koop nie.

Is dit nou die mense wat geld betaal het daarvoor, wat dit gekoop het, wat jy van praat? --- Ek praat nou van die mense wat geld uitgehaal het en die passe gekoop het.

Die mense wat sou gewerk het op mnr. le Roux se plaas om passe te kry, was hulle ontevrede daarvoor? --- Nee, ek weet niks van hulle nie.

So, die eintlike mense wat ontevrede was, was die wat geld betaal het? --- Ja, en die mense wat ek van

--- praat ---



praat wat nie tevrede was nie, was die mense wat gelde uitgehaal het en die passe gekoop het.

DIE KOMMISSARIS: Wat van die algemene publiek? Wat het die ander mense daarvan gesê? --- Die algemene publiek was ontevrede daaromtrent want ons het gewet, as 'n persoon 'n pas moet kry, kry hy dit sonder om daarvoor te betaal, soos ek dit gekry het.

En die algemene publiek was ook ontevrede omdat hulle moet betaal - omdat party mense moet betaal daarvoor? --- Dit is korrek. Die algemene publiek was ontevrede met die koop van die passe.

KRISVERHOOR HERVAT: Met ander woorde, dit sluit ook mense in wat nie self hulle passe gekoop het nie? ---Ja.

Jy het gesê - jy weet mr. le Roux is toe later aangekla, nê? --- Ja.

Weet jy dat hy nie aangekla is dat hy geld gevat het vir passe nie? ---Nee, ek weet nie daarvan nie.

Weet jy al waarvan hy aangekla is, is dat hy mense op sy plaas laat werk het verniet en dan vir hulle passe gegee het? --- Dit is wat ek gehoor het gedurende die verloop van die verhoor.

En dat hy daarvan onskuldig bevind is? ---Ja.

Voor die vergadering het ek vir jou gevra hoekom jy toe nie meer jou klagtes na die owerhede geneem het nie en ek wil net vir jou lees wat jy Donderdag gesê het. Dit is op bladsy 845. Jy is gevra, "Het julle ooit julle klagtes na die superintendent gebring - julle wat nou gesien het dinge loop verkeerd?" en jy het gesê "Nee". Jy is toe gevra, "Hoekom was dit?" en jou antwoord was, "Die rede was, daardie eerste tyd het ons gegaan na die Stadsraad en toe ons teruggekom het van die Stadsraad



het hulle gesê ons maak onself die hoofmanne? --- Dit is korrek.

En daardie klagte het, het jy vir ons vertel, gekom van die ander Wilson? ---Ja.

En dit, sê jy, is nou eintlik die rede hoekom jy toe nie meer met die owerhede gaan gesels het nie? --- Ja.

Jy het ook vir ons gesê daar was partysmaal moeilikheid met die Munisipale Polisie omdat hulle mense in die middel van die nag wakker maak om mense te kry wat nie in die Pêrel nag wees nie - die mense wat agterstallig is met hulle huurgeld? ---Ja.

Jy het die naam genoem van een Munisipale konstabel, Ngudi? --- Ja.

Is daardie man nog in die Munisipale diens? ---Nee.

Wanneer is hy uit die Munisipale diens uit? --- Ek sal nie kan sê nie maar ek weet verlede jaar, by die einde van die jaar is hy uit die diens van die Munisipaliteit.

Is dit nie waar dat hy al 'n hele paar jaar uit die diens van die Munisipaliteit is nie? --- Ek dink dit kan twee jaar wees.

En weet jy dat hy in die pad gestee is omdat daar klagtes was van die mense in die lokasie oor sy gedrag? --- Nee, ek dra geen kennis daarvan nie.

Jy weet nie van mense wat gaan kla het oor hom nie? ---Nee, ek weet nie daarvan nie, of daar mense was wat teen hom gekla het en of hulle hom somar in die pad gestee het nie. Ek weet nie.

Jy sê die mense kla dat hulle in die middel van die nag wakker gemaak word om te kyk of daar onwettige Bantoes is, en vir agterstallige huur? ---Ja.

Jy weet bedags is die Bantoes wat onwettig in die Pêrel is, in die bosse? --- Dit is waar ek hulle gesien het.



In die bosse? --- Ja. Gedurende die dag, as hulle daar in die bosse bly.

So, die enigste tyd wanneer 'n mens hulle in die lokasie kan kry, is in die nag? ---Ja.

Ons het hier 'n getuie gehad, 'n sekere Lydia Kasi, wat vir ons gesê het die Bantoes is baie ontevrede as hulle by hul werk gehinder word oor agterstallige huurgeld? --- Wanneer - gedurende die dag?

Gedurende die dag, by hulle werk? ---In verband met wat?

In verband met agterstallige huurgeld? ---Nee, ek weet nie persoonlik daarvan nie.

Want sien, as die mense nie gedurende die dag by hulle werk gehinder wil word in verband met agterstallige huurgeld nie en as hulle nie snags by hulle huise gehinder word nie, wanneer moet die Munisipaliteit dan met hulle kom praat oor hulle agterstallige huurgeld?

DIE KOMMISSARIS: Mr. Grosskopff, is dit die regte posisie? Is die posisie nie, wat Lydia Kasi gesê het, dat hulle by hulle werk in hegtenis geneem word as hulle nie hul huurgelde na die kantoor gevat het nie? Die klagte is daaroor - nie om te gaan vra vir hulle huurgeld nie?

MR. GROSSKOPFF: Nee, hulle word in hegtenis geneem en na die kantoor geneem en as hulle betaal het, kan hulle terugkom maar in die tussentyd het hulle 'n dag se werk verloor.

DIE KOMMISSARIS: Maar as hulle in die nag in hegtenis geneem word, is hulle mos ook nog ...

MR. GROSSKOPFF: Dan kan hy die volgende dag gaan werk, as hy betaal.



weggevat word van sy werk na die kantoor nie en hy moet nie snags by sy huis wakker gemaak word en na die kantoor geneem word nie, wanneer moet die Munisipaliteit dan stappe doen om die huurgeld in te vorder? --- Daardie vraag kan ek nie antwoord nie. Ek het maar net gesê wat ek gedink het.

Goed, dan los ons dit. Nadat jy by kol. Carstens was, het jy gesê die/<sup>hoofman</sup>Wilson het hardop verwys na hierdie gesprek met Carstens en jy dink sy doel was dat die Pogo-lede moet weet dat dit jy is wat gegaan het? --- Dit is so.

Was daar Pogo-lede by? --- Eerstens ken ek nie die lede van Pogo nie. Ek kan daardie vraag nie antwoord nie. Ek weet nie of hulle daar was, of nie.

Was daar baie ander mense gewees? ---Ja, daar was mense by die kantoor.

Hoeveel mense? --- Daar was baie mense by die kantoor maar ek het nie getel hoeveel mense daar was nie.

Was daar baie mense wat naby genceg was dat hulle kon hoor wat gesê word? --- Ja. Dit was gesê toe ek daar gewees het en daar was mense wat rondom was, wat kon gehoor het wat gesê is.

Die ander Wilson, dink jy hy is 'n man wat ten gunste is van Pogo? --- Ek weet nie of hy ten gunste is van Pogo of nie. Ek weet glad nie.

Is dit nie algemene kennis dat hy een van die manne is wat saam met die owerhede teen Pogo werk nie? --- Ja. Dit is algemene kennis.

Sien, ek mag net sê, Wilson ontken dat hy ooit so-iets gesê het? --- Ontken hy dit?

Hy ontken dit? --- Het u getuienis om te bewys dat dit nie so is, soos ek sê nie?



Sê net vir ons - ek verstaan, my instruksies is dat Wilson dit ontken? --- Dan weet ek nie. Een ding wat ek van weet is, ek was by die kantoor op hierdie betrokke dag en ek was nie daar alleen nie.

DIE KOMMISSARIS: Wat sê jy; praat Wilson die waarheid, of 'n onwaarheid? --- Dit is swaar as hy sê hy het nooit so gesê nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Ek wil net by 'n ander punt kom waar ek jou getuenis nie mooi verstaan nie. Jy het op bladsy 850 vir ons die volgende gesê: Jy is gevra, "Het jy ooit vir die Munisipale Polisie gesien, dat hulle die inwoners van daardie lokasies slaan, of so?" en jy het gevra, "Op watter tydstip?" en dit is toe aan jou gesê "Enige tydstip, so het hulle klopjagte en so aan, dat hulle mense in die nag daar gaan uithaal? --- Nee, ek het nie self gesien dat hulle die mense aanrand nie maar ek het gesien dat hulle die mense wakker maak". Is dit die waarheid, wat jy daar vir ons gesê het? Is dit so? --- Bedoel u dat ek hulle gesien het daardie eerste tyd toe die klopjagte gehou is gedurende die nag?

"Op enige tydstip", was die vraag? --- Die tydstip wat ek van praat is die tydstip toe die Munisipaliteit se kantore nog in die lokasie gewees het. Op daardie tydstip - dit is die tydstip waarvan ek nou praat. Toe staan ek op in die oggend, toe sien ek die baie mense vergader daar by die kantoor en ek sien die vragwaens. Die mense word nou vervoer met die vragwaens na die dorp-toe. Daardie tyd was daar nog nie die pad wat langs Langabuya verbygaan nie, maar die pad van Wellington.

Dit is nou 'n baie lang antwoord op 'n baie kort vraag. Die vraag was, of jy gesê het Donderdag,

--- "Nee ---



"Nee, ek het nie self gesien dat hulle die mense aanrand nie maar ek het gesien dat hulle die mense wakker maak?"

---Ja, ek het so gesê.

En is dit so? ---Ja.

Dan het jy ons vertel van 'n ander insident. Ek dink dit is ook die insident waarna jy nou verwys. Dit is op bladsy 855, waar jy gesê het "Ek het dit self gesien. Ek was by sy huis. Ek het deur die venster gekyk en ek het gesien die mense by 'A' was aangerand en die mense het teruggeslaan en gegooi met die klippe?" ---Ja.

Is Is dit nou dieselfde insident wat jy 'n oomblik gelede vir ons van vertel het? --- Watter insident praat u nou van? Is dit die insident van die klopjagte?

Jy het vir ons netnou vertel van toe die nuwe pad nog nie daar was nie en toe die kantore nog daar was, het jy gesien daar word 'n kloop mense op die vangweens gelaai ens. Is dit dieselfde insident as die een waarvan jy vir ons Donderdag vertel het? ---Nee, nie dieselfde insident nie. Dit is in die loop van die jare.

Het jy ooit gesien dat die Munisipale Polisie die mense aanrand - ja, of nee? ---Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek mag net byvoeg, ek het skote gehoor op die mense. Of die Polisie die mense aangerand het of nie, weet ek nie.

So by daardie insident het jy ook geen aanranding gesien nie? ---Nee, 'n aanranding het ek nie gesien nie maar ek het gehoor die gerans wat gemaak is deur die klippe wat teen die vangwa geslaan het.

Die klippe is gegooi deur mense in die lokasie? --- Ja.

Ek verstaan die vangwa het daar gegaan om



kleurlingvrouens te verwyder uit die lokasie. Weet jy daarvan? --- Nee, ek dra geen kennis van so-iets nie.

En dat daar klippe gegooi is op die vangwaens? --- Ja, dit weet ek.

En dat een van die Afdelingsraad se nense wie se vangwa vasgesit het, het 'n paar skote in die lug gevuur net om die nense af te skrik? --- Dit is die skote waarvan ek melding gemaak het, hier.

Jy het verder vir ons vertel jy het wel gehoor van nense wat kla dat hulle aangerand is deur die Munisipale Polisie? --- Op watter tydstip?

Enige tydstip? --- Ek is nie in 'n posisie om daardie vraag te antwoord nie want ek volg nie die vraag mooi nie.

Het nense ooit by jou gekla of in jou teenwoordigheid gekla dat hulle aangerand is deur Munisipale Polisie? --- Niemand het by my kom kla dat hy aangerand is deur die Polisie nie en ek was nooit teenwoordig toe daardie nense so'n klagte gemaak het nie. Of die nense so gesê het by ander plekke, daarvan weet ek nie.

Het jy nooit enige stories gehoor van nense wat deur die Munisipale Polisie aangerand is nie? --- Ek is nie bereid om dinge vir hierdie Hof te sê wat ek nie van weet nie. As ek daarvan geweet het, sou ek vir die Hof gesê het.

Het jy ooit enige stories gehoor dat die tyd toe mr. le Roux en die ander nense in die moeilikheid is, sekere getuies gedreig sou gewees het om nie getuie af te lê nie? --- Ek het daarvan gehoor, dat daardie praatjie by die biersaal was maar wie dit gesê het, weet ek nie.



Wat het hulle gesê? --- Wat ek gehoor het van die mense wat daar gegee het, was mnr. le Roux, die superintendent was daar persoonlik en hulle het op hierdie betrokke dag drank verniet gekry en hy sou gesê het vir die mense hulle moet nie getuënis gaan aflê nie.

Vertel my nou die hele storie. Hy was daar persoonlik. Hoeveel mense was daar wat bier verniet sou gekry het? ---Nee, ek weet nie hoeveel mense was daar by die biersaal nie. Daar was baie mense by die biersaal.

Het hy somer vir al die mense in die biersaal vry bier gegee en gesê hulle moet nie getuënis aflê nie? --- Dit is wat ek gehoor het hulle sê.

Watter dag van die week was dit? ---Nee, ek kan nie meer onthou nie.

Het jy hierdie storie by baie mense gehoor? --- Ja, daar was baie mense wie so gesê het - mense wat daar gedrink het - maar ek het geen ag daarop geslaan nie.

Hoekom het jy geen ag daarop geslaan nie? Het jy nie die storie geglo nie? --- Ek assosieër myself nie baie met dinge wat gesê is by die plek nie.

Wanneer - was mnr. le Roux -hulle al in die moeilikheid toe hierdie vry bier by die biersaal gegee is? --- Ja. Toe hy op borg uit was.

Weet jy dat volgens sy borgaktes mag hy nêrens naby die lokasie gekom het nie, en het geen Bantoe gepraat het nie anders sou sy borg ingetrek gegee het en hy sou in die tronk moes gaan sit het, hangende verhoor? --- Ja, ek weet daarvan. Dit is heeltemal korrek. Nadat hy by die biersaal gegee het, het hulle hom weer geseem en binne gesit.

Ja, maar toe hulle hom weer geseem het en binne



gesit het, was dit nie vir enigiets wat hy in die biersaal gedoen het nie? ---Nee, dan weet ek nie maar wat ek gehoor het was, die rede waarom hy teruggeneem is, was deur wat plaasgevind het by die biersaal.

Is dit die storie? --- Dit is die storie.

Is aan die mense voor die tyd gesê hulle moet daardie dag kom na die biersaal, hulle gaan verniet bier kry en mnr. le Roux gaan met hulle praat? --- Ek het dit gladnie gehoor nie.

Met ander woorde, die mense wat toevallig daardie dag by die biersaal was, het hy verniet bier gegee en gesê hulle moet nie getuënis aflê nie. Is dit wat gebeur het? --- Ek sal nie sê dit was toevallig nie want as mense af diens gaan, is die eerste plek waarheen hulle gaan, die biersaal.

Maar die storie soos jy dit gehoor het, is dat hy nie vooraf gereël het dat die mense daar moet wees nie. Hy het maar net daar gegaan en met die mense gepraat wat die dag by die biersaal was? ---Ja. Van wat ek gehoor het, het die mense maar net daarheen gegaan soos dit vir hulle gewoonlik is om daarheen te gaan. Dit is wat ek gehoor het.

Jy het vir ons vertel van soelikhed wat daar eenkeer was oor 'n besoekerspermit by Langabuya? ---Ja.

Is dit die enigste keer dat daar soelikhed was oor 'n besoekerspermit? --- Dit is die enigste persoon wat ek van weet of gesien het. Ek weet nie van ander persone nie.

Wanneer was dit gewes? --- Ek kan die jaar nie meer onthou nie.

Was dit 'n hele paar jaar gelede? --- Dit is nie 'n

--- heel ---



heel paar jaar terug nie, maar ek het nie 'n nota daarvan gemaak nie.

My instruksies is, dit was in Desember 1959. Kan dit so wees? --- Dit is reg. Dit was in Desembermaand. Die jaar weet ek nie.

Kan dit so lank gelede as 1959 wees? --- Ek is nie seker nie maar dit lyk vir my dit kon daar naby 1960 gewees het. Ek is nie seker nie.

Was daar daardie dag 'n speurder wat aangeval is deur mense? --- Ek weet niks daarvan nie.

Was jy self die dag daar gewees? --- Nee, ek was by die skool.

Waar is die skool? --- By die end van die Langabuya lokasie.

Het jy nie die bakleiery gesien nie? --- Nee.

Weet jy of dié dag daar 'n vragmotor of 'n bakkie was van 'n man wat met drank gesmokkel het, daar? --- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En dat die hele moeilikheid daardeur gekom het - eerstens omdat die Naturellespeurder aangeval is en toe het mr. Breunisen hierdie bakkie gesien het wat weggejaag het en hy het agterna gejaag want hy het gedink daar word met drank gesmokkel? --- Nee, daarvan weet ek niks nie.

Kan dit so wees? --- Ek weet nie of dit so kan wees nie. Ek weet dit was op 'n Sondag gewees en die bottelstore is toe op Sondag.

Jy het vir ons gesê op bladsy 848 - jy is gevra "Wat is die redes, soos jy nou kan dink, wat hierdie opmars veroorsaak het?" en jy het gesê "Die eerste rede is dat die mense arresteer en beboet is omdat hulle in hul huise eet?" --- Ja.



**Collection Number: AD1901**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court  
Records 1958-1978**

***PUBLISHER:***

*Publisher:*- Historical Papers, University of the Witwatersrand

*Location:*- Johannesburg

©2012

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.